

14

BELYDENIS VAN GELOOF

My antwoord

GESINLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet weet dat 'n mens se geloof voortdurend versterk moet word.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet –

- dat die Bybel die Woord van God is.
- 'n mens word gered as jy in Jesus glo.
- 'n mens kan net glo as jy van die Here hoor.
- ons hoor van die Here wanneer ons na die prediking luister.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet –

- dankbaar wees dat die Here mense stuur om te preek.
- bly wees dat die Woord van die Here elke Sondag in hulle gemeente verkondig word.

Vaardigheid

Die ouers en kinders moet –

- aktief aan eredienste deelneem

MEER INLIGTING (Romeine 10: 5-17)

Wanneer ouers hulle kinders doop, hoor hulle dat dit belangrik is dat hulle die betekenis van hulle doop sal uitlewe: *Ons kinders behoort uit die manier waarop ons lewe te ervaar wat dit beteken om aan God te behoort.*

Ouers belowe dat hulle hulle kinders sal onderrig en laat onderrig. Dit beteken dat ouers hulle kinders van die Here sal leer. Hulle sal dit self doen en ook sorg dat hulle kinders die eredienste en kategese-klasse gereeld bywoon. Die beste manier waarop kinders leer, is deur die voorbeeld van die ouers. As kinders sien hoe ouers die Here dien, sal hulle self ook die Here dien.

'n Mens kan nie in die Here glo as jy nie weet wie Hy is nie. Ons leer die Here ken wanneer ons die Bybel lees en bestudeer. Ons is bevoorreg, want die Bybel is vir ons beskikbaar en verstaanbaar. In die kategese-klasse leer ons uit die Bybel wie God is en wat Hy vir ons doen. Wanneer ouers en die kerk kinders van die Here leer, is die doel dat hulle met hulle hele hart in die drie-enige God sal glo. Geloof is kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord. 'n Mens kan God net ken en vertrou as jy van Hom leer. Hierdie kennis en vertroue noem ons *geloof*. Romeine 10: 5-17 sê dat 'n mens gered word as jy in Jesus Christus glo. Maar 'n mens kan net glo as jy weet wie die Here is. Jy kan Hom net leer ken as jy van Hom hoor. 'n Mens hoor van die Here as iemand preek of jou van Hom vertel. Dit gebeur veral in die erediens en die kategese-klasse.

Daarom doen 'n mens openbare belydenis van geloof nadat jy die kategese-onderrig voltooi het. Met openbare belydenis van geloof bely 'n mens voor die hele gemeente dat jy in die drie-enige God glo. Maar 'n mens moenie net sê dat jy in God glo nie. Jy moet met jou hele hart glo dat Jesus Christus jou Verlosser is. Wanneer 'n mens openbare belydenis van geloof doen, belowe jy as't ware om jou hele lewe vir die Here te gee. Dit impliseer dat jou geloof voortdurend versterk en in stand gehou word. 'n Kind van die Here woon gereeld eredienste by, neem aktief met sang, gebed en belydenis daaraan deel, en raak betrokke by die gemeente se werk.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Vra een van die ouers, met wie vooraf gereël is, om te open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Vra 'n paar kinders om te lees wat hulle geskryf het oor hoe die Here die Israëliete by die Rietsee gered het.
- Kontroleer of hulle die vrae kan beantwoord:
 - o Wie was Moses se pa en ma? *Amram en Jogebed*.
 - o Wat beteken die naam Moses? *Moses beteken "uitgehaal"*.
 - o Hoekom moes die babatjies onder twee jaar doodgemaak word? *Die Egiptenaars was bang dat die Israëliete meer as hulle sou word*.
 - o Hoe het Moses se ma hom weggesteek? *Sy het hom in 'n biesiemandjie tussen die riete in die Nyl weggesteek*.

- o Hoe het God aan Moses verskyn? *God het aan Moses in 'n brandende doringbos verskyn.*
- o Wat het God vir Moses beveel om te doen? *Moses moet die volk Israel uit Egipte lei.*
- o Hoekom wou die farao die Israeliete nie laat trek nie? *Die Here het die farao koppig laat bly.*
- o Waarmee het God die Egiptenaars gestraf? *Die Egiptenaars is met die tien plaeg gestraf.*
- o Wat was die tiende plaag? *Die dood van die eersgeborenes, die oudste kinders in elke huis.*
- o Wat moes die Israeliete met die bloed van die lam doen? *Die Israeliete moes die bloed aan die sykante en bokant van hulle deurkosyne smeer.*
- o Waarom het God die Israeliete versorg en gered? *Omdat hulle sy volk is met wie Hy 'n verbond gesluit het.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Laat enkele van die ouers kortliks vertel waar en wanneer hulle kind gedoop is en of daar iets buitengewoon by daardie geleentheid gebeur het.
- Lees aan hulle die vrae voor waarop hulle *ja* geantwoord het:
 - o Glo julle dat ons en ons kinders ondanks ons sonde deur God in genade aangeneem is?
 - o Glo julle dat die evangelie alles bekendmaak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?
 - o Belowe julle om julle kinders te leer wat die Doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?
- Wys die ouers en kinders daarop dat 'n belofte afgelê word dat die kinders onderrig sal word deur die ouers self en iemand anders, gewoonlik in die gemeente met kategese.
- Die beste manier waardeur ons ons kinders iets leer, is deur die voorbeeld wat ons stel. As ouers die Here met oorgawe dien, sal hulle kind dit ook doen.

IETS INTERESSANT

Maak 'n opsomming van die gegewens by MEER INLIGTING en dra dit oor.

IETS BELANGRIK

- Skerp die volgende in:
 - o Geloof is kennis van die Woord van God en vertrou in die God van die Woord.
 - o 'n Mens kan God net ken en vertrou as jy van Hom leer.
 - o Hierdie kennis en vertrou noem ons geloof.
 - o Romeine 10: 17 sê: *Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.*
 - o In Romeine 10: 9 lees ons: *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.*

- Die ouers en kinders se aandag word op die volgende gevestig:
 - o As ons in Jesus Christus glo en dit elke Sondag bely, moet ons ook ons geloof gaan uitleef.
 - o Ons hele lewe moet oorgegee word aan die Here.
 - o Dit beteken dat ons –
 - gereeld eredienste sal bywoon,
 - betrokke sal raak by gemeente-aktiwiteite, en
 - sal probeer om alles wat ons dink, doen en sê, te doen soos die Here dit wil hê.

IETS OM TE DOEN

- As dit prakties moontlik is, deel die kinders saam met hulle ouers in twee groepe.
- Laat hulle onderstaande vrae bespreek en dan hulle menings neerskryf.
- Kom weer in die groot groep bymekaar, bespreek hulle menings en gee die regte antwoorde.
 - o Wat is openbare belydenis van geloof? *Jy gaan sê of bely voor die hele gemeente dat jy in die drie-enige God glo en dat jy Hom met jou hele lewe gaan dien. Ander menings is ook moontlik.*
 - o Wanneer word openbare belydenis van geloof afgelê? *Nadat 'n mens die kategese-onderrig voltooi het. Dan het jy die Here leer ken en gaan jy Hom in alles vertrou en lewe soos Hy jou geleer lewe het.*
 - o Hoekom doen ons openbare belydenis van geloof nadat kategese-onderrig voltooi is? *'n Mens moet eers weet wie die Here is en Hom leer ken voordat jy as 'n volwasse lidmaat verantwoordelikheid aanvaar om Hom met jou hele lewe te dien.*
 - o Waar en wanneer leer ons die Here ken? *'n Mens hoor van die Here wanneer iemand preek of jou van Hom vertel. Dit gebeur veral in die erediens en kategese-klasse.*
 - o Hoe leef 'n mens jou belydenis van geloof uit? *Deur jou hele lewe aan die Here oor te gee. 'n Kind van die Here moet gereeld eredienste bywoon, en betrokke wees by die gemeente se werk.*

BY DIE HUIS

Laat hulle –

- gebruikmaak van die woorde in die woordbank en dan by HET HULLE ONTHOU die sinne in Les 15 voltooi.
- die feite by HET HULLE ONTHOU in Les 15 gaan leer.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 252 as gebed te lees.

*Bewaar ons, Vader, deur u Woord;
help ons teen onreg, roof en moord.
Keer dié wat selfs u eie Seun
opnuut wil kruisig deur die leuen.*

*Bewys u mag, o Jesus, Heer:
toon dat U oor u kerk regeer.
Beskerm die hele Christendom:
bewaar ons tot u groot dag kom.*

*O Heil'ge Gees wat in ons bly,
gee dat ons lewens sin mag kry;
staan by ons in die laaste nood;
gee ons die lewe na die dood. Amen.*